HOËRSKOOL
PAREL VALLEI
HIGH SCHOOL

Die Hoërskool Parel Vallei, 'n tweetalige skool vir seuns en dogters in Somerset-Wes en een van die toonaangewende skole in die Wes-Kaap, nooi dinamiese onderwysers wat Parel Vallei se visie van
**"Uitnemendheid in 'n veranderende wêreld"**
ondersteun, om aansoek te doen vir die volgende pos:

## OPVOEDER: WISKUNDE - GRAAD 8-12
## (Voltydse Beheerliggaam-/WKOD-pos)

### Vereistes:

- 'n erkende onderwysgraad met Wiskunde as hoofvak (Baccalaureusgraad met 'n nagraadse onderwyssertifikaat sal 'n bykomende voordeel wees);
- ondervinding in die onderrig van Wiskunde;
- 'n geldige SARO-registrasie/bewys van aansoek;
- 'n grondige kennis van KABV, sowel as huidige opvoedkundige tendense;
- rekenaargeletterdheid in *MS Office* en in staat om elektroniese media in die klaskamer te gebruik.

### Aanbevelings / addisionele vereistes:

- vlot tweetalig in Afrikaans en Engels;
- ervaring in kurrikulumbeplanning;
- aanpasbaarheid en in staat om in spanverband te werk;
- ervaring in die onderrig van Wiskunde in graad 12.

Die pos sluit in die afrig van/betrokkenheid by buitemuurse aktiwiteite en ondersteuning van die skool se LVG (Liggaam, Verstand en Gees) -benadering.

### Aanvangsdatum: 01 Januarie 2027

Aansoeke moet duidelik aandui vir watter pos u aansoek doen en moet akademiese rekords asook die kontakbesonderhede van ten minste twee kontakbare verwysings insluit.
Rig u aansoek aan: Die Skoolhoof, mnr. D. Schenck.
E -pos: hr@pvallei.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 12:00nm op 24 Julie 2026.**

**Die volgende geld vir alle poste:**
Die Hoërskool Parel Vallei ondersteun gelyke indiensneming.
Parel Vallei behou die reg voor om nie die bogenoemde pos te vul nie.
Die aanstelling van die suksesvolle kandidaat sal onderhewig wees aan die indiening van 'n polisieklaringsertifikaat.
Indien u teen 24 September 2026 geen terugvoer ontvang het nie, beskou asseblief u aansoek as onsuksesvol.

Tel: 021 852 1228 / Webtuiste: **www.pvallei.co.za**